


HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD

HEILBRON DAM WORD WEGGEDRA



Die dam-terrein van Heilbron word daaglik geteister en beskadig terwyl amptenare sit met gevoude hande en toekyk hoe dit gebeur. Die eens trotse ikoon van Heilbron wat jou verwelkom het as jy die dorp binnery, is nou 'n koeikamp en stortingsterrein. Die woonwapark met ablusie geriewe is totaal vernietig deur die ewe en vandale. Net baksteen-murasies is oor wat stuk-stuk opgekap en weggedra word. Die heining wat aan Langmarkstraat grens, het net stutpale oor en die draad lê plat, wat dit eweneens meer toeganklik maak vir stropers. Afgesaagde bome is orals te sien en word daar daaglik meer en meer afgesaag en met volgelaide kruiswaens weggedra. Die hekke word toegedraai met draad vir beeste,

nie om die beste uit te hou nie, maar binne. Plaaslike vee-eienaars beskou die dam as weidingskamp en sien dit nie as onwettig dat hulle vee daar loop nie. Daar is wel sowat ses maande gelede 'n slot deur die munisipale bestuurder aangebring by die noordelike toegangshek om die beste uit te hou, maar dit was hulle beste poging tot dusver om iets aan die situasie te doen.

Heilbron se dam is in 1932 voltooi en die offisiële opening het op 3 Oktober in daardie jaar plaasgevind. Dit is waargeneem deur die destydse Administrateur van die provinsie, Mnr. C.T.M. Wilcocks. Volgende jaar is die dam in sy eeufeesjaar, kom ons hoop daar sal iets van dit oor wees.



LEGENDS OF THE GRILL

FREE GIFT TO ALL DADS THIS COMING FATHER'S DAY

Buffalo Valley Spur
058 853 0061

"It's always nice to MEAT you", says your favourite meal at Buffalo Valley Spur! Visit us and Get our NEW LegendsOfTheGrill deal with 300g Pork Ribs & 2 Chicken Thighs for only R139.90

HOËRSKOOL HEILBRON
sê baie baie dankie

Hoërskool Heilbron was bevoorreg om hul eie 50ha sojas te plant, tydens die 2021/2022 plantseisoen. Met die hulp van gawe boere het 'n baie mooi oes gewuif op die land. Daar was sonder om te blik of bloos bygedra en ingespring om die werk gedoen te kry, julle is manne van staal.

BAIE DANKIE AAN ELKE LOJALE VRIEND, OUPA OF OOM VAN HOËRSKOOL HEILBRON:

Johan Breitenbach (Snr) • Wynand Nortje • Johan Breitenbach (Jnr)
Smurf Claasen • Wolter Bennik • George Roos • Marais Breitenbach
Adriaan Lange • Willie Dreyer • Marius Myburgh • GF van Rooyen (Jnr)
Dawid Potgieter • JCB-Johnny Claassen • Cropsecure-Barry Howell

U OOP HART EN HAND VIR DIE SKOOL WORD OPREG WAARDEER!!!

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451

BKB
The Trusted Name of Agriculture
Die Betroude Naam van Landbou

www.bkb.co.za

RIEMLAND BONSMARA VIER HULLE 21STE PRODUKSIE VEILING

Dr Lood Spies het oorspronklik die idee van 'n Riemland produksie veiling na vore gebring om hulle stoet te bemark, vertel Hennie Naudé. Die eerste produksie veiling is gehou in 2001 deur die Riemland Bonsmara Groep, wat uit vier lede bestaan het, naamlik Dr Lood Spies, Johann Stadler, Andries Radley en Hennie Naudé. Oor die jare het van die lede uitgetree en nuwe lede het bygekom. Mnr Hennie

Naude vertel al het lede gekom en gegaan, kies hy om nog aan te gaan met die produksie veilings. Hy vertel verder dat hulle met die veiling wat op 16 Junie by Sunnyside plaasgevind het, 14 bulle en 300 vroulike diere opgeveil het. Baie van die vroulike diere het aan gasverkopers behoort. Al vier Hennie Naude vanjaar die 21ste jaar wat hy produksie veiling hou, bestaan sy stoet al 35 jaar.



Oud lede van die Bonsmara Groep vl: Andries Radley, Lood Spies, Hennie Naudé en Jeff Roos. Afwesig: Johann Stadler.

MISHANDELING VAN 'N BEJAARDE

• Heilbron Kliniek

Mishandeling van die bejaardes word as 'n baie ernstige oortreding beskou en is strafbaar met die wet. Daar is verskillende vorms van mishandeling nie net fisiese mishandeling nie.

Tipes mishandeling:

1. **Fisieke mishandeling:** Hierdie tipe mishandeling kan verskeie vorme aanneem soos onder andere blatante aanranding, skending van privaatheid, weerhouding van noodsaaklikhede vir daaglikse lewe en dwangbeheer – die vasmaak van 'n bejaarde.
2. **Verwaarloosig:** Dit vind plaas wanneer daar nie aan behoeftes voorsien word nie. Swak versorging kan op verskeie maniere

- plaasvind soos die verkeerde diagnose vir medisyne, swak omgewingshigiëne en die versuim om aandag te gee.
3. **Psigiese, sosiale en emosionele mishandeling:** Die vorme wat die tipe mishandeling aanneem is gewoonlik isolasie, onvriendelikheid en die diefstal van geld, klere of besittings.
 4. **Finansiële mishandeling:** Dit vind plaas met die beslaglegging van 'n bejaarde se inkomste en eiendom, afpersing van die bejaarde en onregmatige hoë huur vir losies.
 5. **Seksuele mishandeling:** Dit is die mees bedekte vorm van mishandeling. Vir die professionele persoon is dit baie moeilik om te ontdek en te hanteer. Die bejaarde word ook dikwels gedreig om stil te bly.

We've got your back!

Give your back the right buddy!

Medium Back Chair
Swivel & Tilt Mechanism
100 KG Weight Limit
Black Mesh Fabric
PU Arms

R1850

High Back Chair
Swivel & Tilt Mechanism
100 KG Weight Limit
Black Mesh Fabric
PU Arms

R2100

Office National

finance@heilbron.co.za | 058 852 3033

Catalogue available on request.

Uit die pen:

verwys nie. Veral wanneer een of ander mens, wat dink hulle is rasend snaaks, noem dat dit lekker is om skool te hou, want dit is 'n 8-tot-2 werk, met vier vakansies 'n jaar. Ek. Wil. Ontplof.

Onderwysers is mismoeëdig, hulle hande word afgekap (figuurlik, nie letterlik nie). Onlangse koerantartikels wys hoe onderwysers tydens 'n klasperiode aangeval word. Ek het al hier geskryf van die lang slagmes wat ek in die een graad nege kind se tas gekry het. Ek was al op dieselfde skoolgronde toe 'n laerskoolkind sy pa se rewolwer afgevuur het. My sussie het toesig gehou tydens 'n eksamen in die saal waar 'n kind sy eie toon afgeskiet het. Ons sien hoe 'n Noord-Kaapse rugbywedstryd tussen twee hoërskole verloop het. Rugby raak nou regtig gevaarlik.

Ek staan sprakeloos.

Ek verstaan hoekom hulle moedeloos raak en hoekom die regte-egte onderwysers, wat geroepe is tot hierdie taak, die onderwysstelsel verlaat vir iets anders. Been there, done that, got the t-shirt. En 'n paar skrape.

Daar was kollegas wat die wit waks uit my kon irriteer, alhoewel ek hulle gerespekteer het. Daar was wel, in my loopbaan by drie skole, diegene vir wie ek nie respek gehad het nie. Met goeie redes.

Dan was daar mense wat positief in my loopbaan as onderwyser ingebou het. Een wat ek nou dadelik aan dink, was die departementshoof by my Vrystaatse skool. Ek, grootbek, het tydens my vyfde jaar van onderwys daar begin. Met boekkontrole gee ek die gemors wat die kinders vir my ingegee het, vir die departementshoof in. Sy roep my na die kantoor en ek, grootbek, staan gereed om die gemors weer terug te kry met 'n oulike verslag.

Toe ek by haar kantoor instap, loer sy oor haar bril en sê stadig en afgemete: "Ek dink nie ek verdien hierdie nie." Sy skuif my houpie gemorsboeke terug na my kantoor.

Ek het niks gesê nie, net die houpie gemorsboeke gevat en dieselfde vir my klasse vertel. Ek verdien dit nie. Vir dit wat ek opoffer, verdien ek jou beste. Ten minste. Dit was die ommekeer in my lewe: van toe af het elkeen in my klas geweet wat ek verwag, en basta.

My stories van my Vrystaatse skool is nou gedaan, maar wanneer ek weer iets onthou, sal ek dadelik vertel. Na 14 jaar, 9 maande en 14 dae, oftewel 5403 dae, kry ek eindelijk bevordering en verlaat die skool. 'n Maand en twee weke nadat 'n hoë amptenaar by die skool vir my geskree het: "Jy doen mos f***! by hierdie skool!"

Ek het daarna gaan aansoek doen vir die pos. Met my vertrek is my werk tussen vier mense verdeel. Want deur die jare vind jy maklike maniere om dinge gedoen te kry, en dus het jy tyd om nog werk aan te pak. En later raak jy maar net meer gemaklik in jou daaglikse take.

Dit was nie maklik om te die skool te verlaat nie, maar dit was nodig. Ek kon toe vanuit 'n ander oogpunt na skole kyk. En my hart was steeds seer vir onderwysers wat elke dag elke liewe selletjie in hulle liggaam skenk vir die onderwysberoep. Ja, hulle skenk dit, want as jy nooit 'n onderwyser was nie, sal jy nie weet wat jy alles moet gee om suksesvol te wees nie. En 'n salaris vergoed nie daarvoor nie. Ek praat van toegewyde onnies, nie die luiers nie. (Mag ek die woord "luiers" hier gebruik?)

Maar dit was 'n paar jaar gelede. Ek is langer as vier jaar weg van 'n skool af. En ek is die Here elke dag dankbaar vir my werk, wat ek terdeë geniet. Daar is 'n tyd vir alles, sê die Prediker.

WEEK 24 VAN 2022

'n Kollega van my het in die begin van April begin kla van buikpyn. Sy was dokter toe, en sy diagnose was dat daar moontlik 'n maagseer is. 'n Opregte "ulcer". Twee weke gelede kom sy agter dat die ulcer nou al 15 weke groot is. Ek het summier besluit dat hierdie baba, indien dit 'n dogtertjie is, "Elsa" sal heet, want dit klink verdrag baie soos 'n "ulcer".

Dit het my laat dink aan tannie Tik en oom Tak. Liewe mense. Die jong damespersoneel het wel soms gedink dat oom Tak by hulle anlê. Ek wonder of dit nie net sy persoonlikheid was nie. Oom Tak het met 'n ouerige bakkie, wat ek sommer die Kapokkietrokke gedoop het, gery. Hulle het op 'n plaas gewoon, maar ek dink hulle het lankal afgeskaal en die grond aan ander boere verhuur.

Die storie word vertel dat die Tik-Tak kinders reeds redelik groot was: twee was uit die skool en die laatlam in die middel van sy laerskoolloopbaan. Oulike kinders. Tannie Tik het siek geword, en oom Tak het vertel dat die dokters raadop is. Die skool se personeel het laer getrek rondom tannie Tik, want hierdie was ernstig. Die dokter glo dat hierdie 'n groterige gewas is wat redelik vinnig groei.

'n Paar maande later is Gewassie gebore, en hy is sekerlik nou al in sy middel dertigs. Tannie Tik is nog blakend gesond, maar oom Tak het ongelukkig sy aardse woning vir die hemelse ene geruil.

Soms, wanneer ek terugdink aan my skoolhoude, wonder ek hoekom baie onderwysers, ek inkluis, so kwaad was. Sommer omgesukkel en vies. Nie altyd nie, maar wanneer ek daaraan dink, was dit so half of ons almal sulke dae gehad het.

Ons was kwaad: vir die bestel, die staat wat net meer en meer admin oor ons uitgiet (wat sekerlik sedertdien verdriedubbel het), die skool wou hê die leerders (wat nie wil leer nie) moet presteer, die skoolhoof wou hê dat alle ligas gewen moet word, die leerders moes ten alle tye netjies lyk (jy kry mos hier en daar 'n kind wat net nooit netjies sal lyk nie).

Soos tans, was alle druk op die onnies. Ek dink nie iemand wat nog nooit skoolgehou het nie, sal verstaan waarna ek

POSTNET HEILBRON

Besigheidsure: Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdag: 09:00 -12:00

Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

VERDAGTES GEARRESTEER

Twee verdagtes, Kelebhone Danny Matozako (44) en Mokapeli Joseph Mokapeli (39) is op Saterdag, 11 Junie in Heilbron gearresteer deur die Valke se Ernstige Georganiseerde Misdad-onderzoekspan van Welkom, in samewerking met die K9 eenheid van Kroonstad en Heilbron Veediefstaleenheid. Die verdagtes se arrestasie kom nadat die Valke Woensdag, 08 Junie, inligting ontvang het oor twee verdagtes wat plofstof wou verkoop. Die polisie het 'n ontmoeting met die verdagtes gereël onder die voorwendsel van moontlike

kopers vir die plofstof, waarop die verdagtes ingestem het. Die ontmoeting het 11 Junie plaasgevind. Die verdagtes het die plofstof aanvanklik vir R50 00 probeer verkoop, en na onderhandelings was die prys verlaag na R35 000. Nadat daar ooreengekom is op die prys van R35 000, het die verdagtes die plofstof aan die Polisie lokvink gewys. Hy het polisie beamptes in kennis gestel en die twee verdagtes is gearresteer. Die verdagtes het Maandag in die Heilbron hof verskyn waar die saak uitgestel is tot 20 Junie. Albei verdagtes is steeds in aanhouding.

SALARISKRISIS: BESPAAAR NOU, SÊ DA

Agt munisipaliteite in die Vrystaat kan tans nie salarisse betaal nie. Sô het Sisi Ntombel, Vrystaatse premier, eergister (Woensdag) aan Netwerk 24 gesê. Dit beteken hul onbetaalde werkers lewer min of geen dienste nie. Selfs in Bloemfontein het politieke werkers in die munisipale kantore Woensdag betoog omdat hulle nie betaal is nie.

Hoewel Ngwathe se salarisse tot dusver stiptelik betaal word, "is die skrif ook hier aan die muur", sê opposisie raadslede. Ngwathe se nuwe begroting is onlangs ten spyte van opposisie protes deur die ANC-meerderheid goedgekeur - al projekteer dit 'n enorme (en ongeoorloofde) begrotingstekort van R75m. "Ons moes eenvoudig daarteen stem," sê DA-koukusleier Carina Serfontein" (Herald, 10 Junie).

Die DA het daarom gister opnuut gevra dat sy voorstel vir 'n ingrypende finansiële Herstelplan vir Ngwathe onmiddellike aandag kry. Die noodsaak daarvoor is reeds eenparig deur die Raad aanvaar. "Maar amptenare talm met die ontwikkeling en uitvoering daarvan," het die DA gister aan Herald gesê. Hulle pleit lank reeds vir 'n goedkoper bestuursstelsel. Sy huidige stelsel onder 'n uitvoerende burgemeester kos Ngwathe sedert 2017 miljoene rand per jaar ekstra, onder meer omdat agt ANC-raadslede deesdae voltyds dien op die

burgemeesterskomitee. Mnr Mxolisi Dukwana, provinsiale LUR vir plaaslike regering, het reeds verlede November aangekondig dat Ngwathe, en ses ander Vrystaatse munisipaliteite, moes terugkeer na 'n sogenaamde kollektiewe "uitvoerende komitee" (UK). Hy het gesê dis nodig om die munisipaliteite finansiële meer volhoubaar te maak. "Ons kan nie sit en toekyk hoe dié rade geld wanbestee nie."

DA-LPW Leona Kleynhans het die aankondiging destyds verwelkom, en gesê dit was vroeër al nodig. Sy sê nou dat dat ANC-raadslede in voltydse posisies dit egter steeds sterk teenstaan.

DA-raadslede bepleit lank reeds dat Ngwathe se kollektiewe UK heringestel word. "Dis baie goedkoper, en meer demokraties," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel. Hy verduidelik dat die burgemeester onder hierdie stelsel sy (of haar) groot mag deel met 'n UK van deeltydse raadslede. "Deeltydse raadslede is goedkoper as voltydse", voeg Rdl Carina Serfontein by. Sô 'n nuwe UK sal lede hê van al die groter partye. "Die ANC sal nie meer die trom alleen slaan soos nou nie", sê sy.

Die DA bereken dat 'n kollektiewe UK-stelsel Ngwathe rondom R3 miljoen per jaar sal bespaar.

SUKSESVOLLE WERKSWINKEL AANGEBIED

Elandie Hanekom van YouniqSkin, wie se skoonheidsalon in Heilbron geleë is, het Saterdag 11 Junie tesame met MUD-grimering 'n werkswinkel aangebied by Friends@62 Padstal. Die oggend het afgeskop met Wilanda van Rooyen, 'n biokinetikus, wat die dames ingelig het oor 'n gesonde leefstyl en goeie eetgewoontes. Die dames wat die oggend bygewoon het, was verbaas om te hoor aartappels maak nie vet nie en is slegs ongesond as dit in olie gebak is. Gekookte aartappels is gesond en vullend. Urscha Meyer was volgende aan die

beurt en het meer vertel oor velversorging en velprodukte. Urscha het ook vir die dames wat wou, 'n gratis vel konsultasie gedoen. Liezl Zene, 'n suksesvolle grimeerkunstenaar wat hope groot name in die musiekbedryf se grimering doen, het die MUD grimeer werkswinkel aangebied. Haar opinie is die belangrikste wenk wat vroue moet onthou is om hulle grimering te "blend". Elke dame wat die werkswinkel bygewoon het, het iets nuut geleer. Die oggend was vol humor en nuwe inligting vir beter lewenstyle.



Op die foto vl: Liezl Zene en Elandie Hanekom.



Op die foto vl: Mienke Roos en Jessie Muller.



Op die foto vl: Elandie Hanekom, Liezl Zene en Urscha Meyers.



rakte

Contact us for professional, reliable and effective service in the following fields:

Kontak ons vir professionele, betroubare en effektiewe diens met betrekking tot die volgende:

 Contracts / Kontrakte

 Transfer of Property / Oordrag van Eiendomme

 Registration of Companies / Registrasie van Maatskappye

 Wills, Estates and Trusts / Testamente, Boedels en Trusts

 Divorces / Egskeidings

 Collections / Invorderings

 Correspondent work / Korrespondente werk

 Civil Litigation / Siviele Litigasie

Contact us on: 083 267 9559 / 058 852 2041

E-Mail: pieter@esthemuller.co.za / esthe@esthemuller.co.za

Address: 47 Els Street, Heilbron

CFH

Tombstones & Granite Works

Countertops & Tombstone Factory

Granite * Marble * Quartz

082 318 8299

POSTNET 2 DOOR

FROM OUR STORE TO ANY STREET ADDRESS

058 853 0006

064 988 6078

heilbron@postnet.co.za



ATKV REDENAARS FINAAL



Redenaars
AKHONA MABE GR9



Redenaars
PATIENCE MOKOENA GR17



Redenaars
QUIRIANE CHARILAOU GR11



Redenaars
ZANELLE DORFLING GR9

Die volgende leerders van Hoërskool Reitz dring deur na die landwye finaal van die ATKV redenaars. Hulle neem 17 Augustus in Buffelspoort deel.

Akhona Mabe behaal 'n eerste plek in die Vrystaat vir Afrikaans Addisionele Taal onvoorbereid. Quiriane Charilaou behaal 'n tweede plek in die Vrystaat vir

Afrikaans Huistaal onvoorbereid. Patience Mokoena behaal 'n tweede plek in die Vrystaat vir Afrikaans Addisionele Taal onvoorbereid.

Zanelle Dorfling behaal 'n derde plek in die Vrystaat vir Afrikaans Huistaal onvoorbereid, maar dring ongelukkig nie deur nie.



BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdag:
09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

TRADING HOURS
MON - FRI: CLOSED
WED - THU: 10:00 - 17:00
FRI - SAT: 10:00 - 12:00
SUN: 12:00 - 17:00

Please consider
Click & Collect
Delivery fees

EST. 2021


OJ'S

— ON LONGMARKET —

PLAIN NACHOS
Everyday Special
Special ends 22nd June

R50.00

Add some Spice
R10.00





GEKIES VIR RHINO WEEK

Die volgende o/15 en o/17 leerders van Hoërskool Heilbron is gekies vir die Cobra's spanne wat deelneem aan die Rhino week. Van links na regs: JC Potgieter o/15, Marnus Labuschagne o/15, Shandee van Wyk o/17, Rele Mokoena o/17, Stean Lategan o/17, Joshua van Wyk o/17, Wessel Steyn o/17, Mnr Lütke van Dorsen is gekies as afrigter vir die o/15 Cobra's span. Die Rhino week is deur SARU gekrediteer en vind plaas in Sasolburg van die 28ste Junie tot die 2de Julie.

KOPERDIEWE VASGEVAT

Op 13 Junie is drie verdagtes in hegtenis geneem op aanklag van die besit van vermoedelik gesteelde eiendom, en beskadiging van infrastruktuur. Die klaer, adj. James Houy van SAPD Heilbron, voer aan dat hy deur die Frankfort SAPD in kennis gestel is dat Basopa sekuriteitsmaatskappy 'n verdagte

voertuig op die R34 pad na Heilbron vanaf Frankfort jaag. Heilbron se polisie het die voertuig probeer keer, maar die verdagtes het teen 'n hoë spoed verby die polisie gejaag. Nog polisielede is geaktiveer en is die voertuig agternagesit. Die verdagte voertuig het tot stilstand gekom waarna vier mans uitgespring het en in 'n mielieland probeer wegkruip het. Die verdagtes is met die bystand van boere te voet agternagesit en in die soektog is drie van die vier verdagtes gearrester. Die vierde verdagte kon nie opgespoor word nie. Daar is op 39 bondels koper kabel-pale beslag gelê waarvan die gewig 1520kg, is met 'n straatwaarde van R364 926,61. Die vermoedelike skade wat aan struktuur aangerig is, beloop ongeveer R5 miljoen. Die koper tesame met drie “boltcutters” is by die SAPS ingehandig, asook die voertuig. Die verdagtes sal op Heilbron verskyn op aanklagte van besit van vermoedelik gesteelde eiendom. Die saak is in Arlington oopgemaak deur die klaer van Transnet.

OPGENEEM IN NOVS SPAN



Miemie Cilliers van Hoërskool Reitz het 'n goue medalje vir gimnastiek in die NOVS kompetisie behaal. Sy het die beste gemiddeld in haar ouderdom en kwalifiseer vir die NOVS span.



ONGELUK IN LANGMARKSTRAAT



In 'n klein dorpie waar daar nie veel verkeer is nie, is 'n motorongeluk redelik skaars, maar Vrydag 10 Junie was Langmarkstraat se sypaadjies by die NG-Kerk drierigtingstop vol toeskouers toe 'n trok en grys Volkswagen mekaar getref het. Die polisie en Dawid Rossouw (Assistent Brandweerhoof van Ngwathe) was na die toneel ontbied en verklarings is afgeneem. Geen persoon was tydens die ongeluk beseer nie en die presiese gebeure is onduidelik.

SUDOKU

4	1						6	8
6							2	
			2	4		6	9	
3				5				
5		6			9			1
9		2	7			3		
		7	9	6	4			
	8					7		
				4				5
		1			3			
					9	2	3	1
4	6	2	7					
5			8			6		
		3					9	

SUDOKU - Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

BETREKkingDIENSTE

SMALLSEIENDOMME

Hoërskool Heilbron

ONDERWYSPOS

HOËRSKOOL HEILBRON

GRAAD R

(Tydelik 4 maande)

Aanvangsdatum: 8 Augustus 2022

Rig volledige aansoek aan:
Die Skoolhoof • Hoërskool Heilbron
Posbus 132 • Heilbron • 9650

Navrae: Mnr David Knight
Tel: 058 852 3007
E-Pos: dk@hsheilbron.co.za

Sluitingsdatum: 15 Julie 2022

Kwaliteit opvoeding is ons Missie

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

Elsabé Keogh

PHOTOGRAPHY

Kiddies Matric Farewell
Engagement & Wedding
Individual & Family Shoot
Maternity & Newborn

@ ElsabeKeoghPhotography 082 525 1014

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

KENNISGEWING

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die gesamentlike boedel van wyle DANIEL CONELIUS ELS
Identiteitsnommer: 600302 5083 088
Van: Vyfdestraat 15, Heilbron
Wie oorlede is op: 18 April 2022
en nagelate eggenoot: Hilda Els
Identiteitsnommer: 591223 0016 082
Huwelikstatus: Getroud binne gemeenskap van goedere met mekaar
BOEDELNOMMER: 004157/2022
Alle persone wat vordering teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vordering binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
PHILIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.
Elsstraat 47, Posbus 58, Heilbron, 9650
Verw: PPvDM/ne
Tel: 058 852 2041
E-Pos: merlaw@phillaw.co.za

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

058 513 1047

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE
• Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
• John Watson john@heilbron.co.za
• Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
• Silma herald@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za -
(Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• Hendie heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort ,
Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.
Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

COVID-19

COVID-19 OORSIG

Munisipale Area	Dorp	8 Junie '22	22 Junie '22
METSIMAHOLO	Sasolburg	11 309	11 348
	Deneyville	872	873
	Oranjeville	250	251
MOQHAKA	Kroonstad	7797	7807
	Viljoenskroon	1156	1158
	Steynsrus	213	214
NGWATHE	Parys	3182	3194
	Heilbron	1530	1533
	Koppies	1374	1374
	Edenville	213	213
	Vrededorp	412	412
MAFUBE	Frankfort	1911	1915
	Villiers	676	679
	Comella	175	175
	Tweeling	390	390
TOTAAL		31 460	31 536

Buy-a-Bale

Make Your Own Cash!

Imported European Quality Stevedore Used Logs

BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!

Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769

Call SYDNEY now!
072 885 1999

sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za

WE DELIVER COUNTRY WIDE

OVERCOATS

HAPPY

FATHER'S DAY

SUNDAY 19JUNE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BLOEDSKENK DATUMS - 2022

26 Julie 2022
27 September 2022
29 November 2022

FUNERAL NOTICE

† Mapule Ruth Radebe

Born: 1950-06-07
Died: 2022-05-31
Buried: 2022-06-04

Mapule Ruth Radebe was buried on top of her husband in the town graveyard on 04-06-2022.
She will be missed by her children, grandchildren, family and friends.

Vakante Betrekkings

Kantoor/Admin bestuurder gesoek, pos dadelik beskikbaar in Heilbron.

Kontak: 072 158 7670

PLOEG SEMOER

LEER BELDE

WERNER | 060 524 5567
JEANNE | 076 813 2751

www.ploegsemoer.com

POSTNET HEILBRON

CRIMINAL RECORD CHECKS

NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON

• STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
• PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
• PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.

POSTNET Digital

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

WINKELURE

MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

HERALD

Sport

BOKKE PAK MEKAAR

Die ysige koue wat nader kruip hou nie die rolbalspelers van die baan af nie. Sosiale spel Woensdae en Saterdag bly aktief, en dan is daar natuurlik 'n paar dapper helde wat nie Woensdae aande stuit vir die koue nie. Ellie van Coller en Rudi Jacobs, Heilbron se twee Springbok spelers het ook kragte gemeet Saterdagmiddag. Dit was heerlik om hulle te sien meeding.

Gerald Rademeyer wat lank buite aksie was, het ook sy terugkeer tot rolbal gemaak.

Op die foto vl: Rudi Jacobs en Ellie van Coller.



WIAM TREK DIE GRAPJAS

Iemand moes vir Wiam Rautenbach suurlmoene koop om die glimlag van sy gesig af te kry nadat hy Vrydagaand Heilbron Gholffklub se "Joker Draw" gewen het. Die geldpot het op 'n allemintige R223 680 gedraai voordat hy die gelukkige kaart getrek het. Die bespiegeling was groot oor onder watter kaart die Grapjas skuil. Daar was net vier kaarte oor. Die gholffklub hou 40% van die wengeld.

Saterdag se gholff is gewen deur Ruan Mienie met 37 punte. Johan Weilbach was tweede met 35 punte en Simon Malgas eindig derde op 34. In die dubbel putjiespel klop Wiam en Jackie Leonard vir Zacharia Mholo en RJ Muller met twee putjies oor. In 'n enkelspel wedstryd wat tot op die negentiende putjie uitgelopen het, wen John Watson vir Simon Malgas nadat hy 'n monster set ingerol het. In ander enkelspel

wedstryde wat Vrydag gespeel is, wen GP Rossouw vir Wiam en Gerrie Muller klop Pieter van Staden.

Môre is daar gewone spel vanaf 10:30.



So lyk die tevrede wenner, Wiam Rautenbach nadat hy die Grapjas getrek het in Heilbron Gholffklub se "Joker draw". Pieter van Staden (tesourier) wens hom geluk.



Velede week se wenner vl: Simon Malgas, Ruan Mienie en Johan Weilbach.

Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
JUNE IS MEN'S HEALTH MONTH
6 Important tips for men's health
1. Regular check ups
2. Visit your health professional when needed
3. Know your family history
4. Get some exercise
5. Take a break often
6. Do cancer screenings once over 50 years of age
Visit our clinic for more advice and a free PSA screening during the month of June.
063 721 4950 (T) 087 527 0723
plattelandpharmacy@platteland.co.za
11 Wenmerth Road, Wenmerth Square, Midrand

BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

MAANDAG - 20 JUNIE 2022

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

DINSdag - 21 JUNIE 2022

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 22 JUNIE 2022

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

SCHWEIZER RENEKE: CORALTA SAVM STOET

185 Skape
11:00, Coralta
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 23 JUNIE 2022

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

THEUNISSEN: LEEUWBLT BONSMARA
85 Beeste

11:00, Whitfield
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 24 JUNIE 2022

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bklouwid.co.za

RIEMLAND Apteek
058 852 1580
Piercestraat 40, Heilbron
Verskeidenheid Vadersdag-geskenke in voorraad!

Petrus Steyn Internet
Vinnige Wireless Internet, installasies en diens, beskikbaar in Petrus Steyn en nabygeleë plekke.
Kontak ons vir enige navrae of bystand: 071 608 7909

Wanneer is die beste tyd om jou aanvullings te neem?
OGGEND AAND
Multivitamin
Ysteraanvulling
Probiotikum
5-HTP
Anti-oksidente
Vitamiën B's
Vitamiën D & C
Cardius Marinus
GABA
5-HTP
Ashwagandha
Melatonien
Omega 3
Joonita Steenkamp - 082 855 6437